



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2010**

**MEMORANDUM**

**LIMPOPO**

**PUNTE: 120**

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

## ASSESSERINGSRIGLYNE

### AFDELING A: KYK– EN LEESBEGRIJP

- Geen penalisering vir spel- en taalfoute nie.
- Sien slegs die eerste feit/sin na.
- Ja/Nee-vrae: Geen punte word vir Ja/Nee toegeken nie.  
Die rede of motivering moet korrek wees.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek  
**mits** die korrekte woord ondersteep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Waar/Onwaar (Motivering afhanklik van korrekte keuse).  
Eerste deel korrek en motivering verkeerd (1).  
Eerste deel verkeerd/ontbreek (0).
- Meervoudigekeuse-vrae:  
Slegs die regte letter gegee. ✓  
Slegs die regte antwoord, sonder die betrokke letter. ✓

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
1.1	(In) Kimberley	1
1.2	Ajax	1
1.3	(Hip-hop) musikant / omroeper (vir jeugprogramme op TV) (Enige <b>EEN</b> )	1
1.4	C / diamant (Sin aangehaal met antwoord)	1
1.5	C / doodbang vir slange is. (Sin aangehaal met antwoord)	1
1.6.1	<b>Onwaar</b>	1
1.6.2	“Hy kyk nie graag sepies nie ...” “Hy hou daarvan om na sport en aksiefilms te kyk ...” “ net <b>soms</b> kyk hy na Isidingo ...” (met of sonder aanhalingstekens is reg). ( Enige <b>EEN</b> )	1
1.7.1	E / Mauritius	1
1.7.2	C / Giovanni's	1
1.7.3	B / TV kyk	1
1.7.4	A / Sokker	1
1.7.5	D / Italiaanse kos	1
1.8	Ja. 'n Gewone werker se kind sal ekstra hard werk om suksesvol te wees. / Nee. 'n Gewone werker se kind sal nie die geldelike hulp kry wat ander welgestelde kinders sal kry nie. (Enige sinvolle antwoord wat of negatief of positief is - bespreek met Senior nasioner)	1
1.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Hy kan 'n gewone / onbekende persoon daar wees./ Niemand herken / pla hom nie./ Hy kan homself wees. /</li> <li>▪ In Mauritius kan hy lekker privaat wees. / Hy hoef nie met almal te praat nie. / Hy het tyd vir sy eie dinge. /</li> <li>▪ Hy hoef nie handtekeninge uit te deel nie.</li> </ul> (Enige <b>TWEE</b> )	2
		[15]

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
2.1	R12 000	1
2.2	minder	1
2.3	B / in laer- en hoërskole is (Kan in 'n sin geskryf word.)	1
2.4	Skryf / E-pos / Stuur 'n (motiverings)brief (van tussen 250 en 300 woorde).	1
2.5	Nee. (Die sluitingsdatum is) 8 Januarie 2011/ Die sluitingsdatum is verby. (Nee móét deel wees van die antwoord. Nie Vals of Onwaar nie.)	1
2.6.1	ONWAAR	1
2.6.2	Jy kan jou brief pos / e-pos. / Motiveringsbrief is te lank om te sms. (Enige EEN)	1
2.7	(In) Kaapstad / Kaap	1
2.8	Ja. Hy lyk soos 'n entoesiastiese leerder (wat goed presteer). / Dit moet wys dit is vir leerders / skoolkinders / skoolklere. / Wys dit is 'n leerder wat 'n toekoms wil hê. Nee. Hy lyk ryk en nie soos iemand wat finansiële hulp nodig het nie. (Enige sinvolle antwoord wat of negatief of positief is - bespreek met senior nasienier)	1
		[9]

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
3.1	Matric Uploaded	1
3.2	SABC 3	1
3.3	ouer	1
3.4	B / Rhythm City (Sin aangehaal met antwoord)	1
3.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Mense kan kies na watter programme hulle wil kyk. / Mense hou van verkillende programme. / Mense het verskillende smake. / Elkeen het sy gunsteling program.</li> <li>• Een kanaal kan nie alle programme aanbied nie.</li> <li>• Verskillende tale word aangebied.</li> <li>• 'n Program kan op 'n ander kanaal herhaal word. (Enige TWEE gepaste redes)</li> </ul>	2
		[6]

TOTAAL AFDELING A: 30

## **AFDELING B: OPSOMMING [Verwerk uit: ROOI ROSE, April 2010] (199 woorde)**

### **VRAAG 4: WENKE OM JOU LEEFSTYLFORMAAT TE VERBETER**

#### **Nasien van die opsomming**

- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Indien die opsomming nie in die regte formaat is nie, word 1 punt van die totaal afgetrek.
- Slegs feite wat in **volsinne (met 'n werkwoord)** aangebied word, verdien punte. / Nie **telegramstyl** nie.
- Rofwerk / Beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.

#### **Punte word soos volg toegeken:**

- 7 punte vir 7 feite
- 2 punte vir taal
- 1 punt vir getal woorde korrek aangedui.

#### **Penaliseer soos volg:**

- **Woorde** nie aangedui nie / woorde verkeerd aangedui - **trek 1 punt af.**
- **Taalfoute word slegs in KORREKTE feite in ag geneem.**

#### **TIPPIESE FOUTE**

- |   |   |
|---|---|
| - Woordorde in enkelvoudige sin<br>(Bv. onderw. + ww. + voorw.) | - Tyd, wyse, plek                           |
| - Woordorde in saamgestelde sinne<br>(Voegwoord 1, 2 en 3)      | - Ontkennende vorm                          |
| - Omgekeerde woordorde  | - Voornaamwoorde                            |
| - Lydende vorm  | - Vreemde woorde                            |
| - Infinitief  | - Direkte vertaling<br>(moedertaal-invloed) |
|   | - Telegramstyl / Onvoltooide sinne          |

### **BEPUNTING VAN OPSOMMING 2010**

FEITE	<b>7</b>	
TAAL	<b>2</b>	
Aantal woorde	<b>1</b>	
<b>SUBTOTAAL</b>	<b>10</b>	
TAAL 0 - 5 Foute	-0	
6 – 10 Foute	-1	
11+ Foute	-2	
Direkte Aanhalings 1-3	-0	
4-5	-1	
6-7	-2	
Verkeerde Formaat	-1	
<b>TOTAAL</b>	<b>10</b>	

- Elke sin moet 'n duidelike hoofgedagte bevat.  
(Indien die hele paragraaf oorgeskryf is, kry die kandidaat **0** vir daardie feit.)

**FEITE : Dit moet 'n WENK wees om gesond te leef.**

1.	Slaap vir ses tot agt ure per nag. / Rus genoeg. / Gee jou liggaam (genoeg kans om te) rus.
2.	Eet (daagliks) ontbyt wat baie proteïene (en 'n vrug) insluit. / Eet 'n energiereyke ontbyt.
3.	Loop of hardloop (ten minste drie kilometer per dag). / Oefen elke dag. / Oefening is gesond /goed . <ul style="list-style-type: none"><li>• Dis beter om te oefen. (<b>NIE AANVAARBAAR NIE</b>)</li></ul>
4.	Moet nooit self begin rook nie. / Moenie rook nie.
5.	Dink elke dag positief (oor jou werk)./ Moenie negatief wees nie. <ul style="list-style-type: none"><li>• Jy mors energie deur negatief te dink. (<b>NIE AANVAARBAAR NIE</b>)</li></ul>
6.	Bestee elke naweek (ten minste vier ure) aan dinge waarvan jy hou. / Doen dinge wat lekker is. / Maak ek-tyd. / Maak tyd vir jouself / Maak eie-tyd.
7.	Moenie jou liggaam / hare / naels / vel verwaarloos nie. / Versorg jouself. / Pas jou liggaam op.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**ALLE ANTWOORDE MOET KORREK GESPEL WEES.**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
5.1	op	1
5.2	anders	1
5.3	weet	1
5.4	vyf	1
5.5	skatryk / stinkryk ( moet <b>EEN woord</b> wees)	1
5.6	dokter	1
5.7	onderwysers (moet in <b>MEERVOUD</b> wees.)	1
5.8	oulike	1
5.9	hom	1
5.10	daagliks	1
5.11	waterdromme	1
5.12	kruiwa	1
5.13	seuntjie	1
5.14	moeër	1
5.15	lewenspad	1
5.16	bewys	1
5.17	trotse	1
5.18	wiel	1
5.19	help	1
		[19]

**VRAAG 6: PRENT** [Uit: *ISOLEZWE*, 8 Februarie 2010]

- Spelling word nie hier gepenaliseer nie.
- Weglating van kommas voor voegwoorde word nie gepenaliseer nie.

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
6.1	Die hoë elektrisiteitsrekening <b>het</b> ✓ mense baie probleme <b>gegee</b> .✓	2
6.2	[Môre <b>sal</b> / <b>wil</b> / <b>moet</b> / <b>kan</b> ]✓ [ Mama kaMshana na die munisipaliteit toe <b>gaan</b> .]✓	2
6.3	[Mama kaMshana sê vir die buurvrou dat <b>sy</b> ]✓ [kwaad <b>is</b> oor die hoë elektrisiteitsrekening.]✓/ [Mama kaMshana sê vir die buurvrou dat <b>sy</b> ]✓ [kwaad oor die hoë elektrisiteitsrekening <b>is</b> .]✓	2
6.4	(Die elektrisiteitsrekening is baie hoog), daarom <b>is daar geen geld vir kos nie</b> .✓	1
6.5	<b>Sy</b> ✓ <b>sê</b> ✓( die man mors haar geld).	2
6.6	<b>Wie</b> ✓ [kry swaar( in die lewe)?]✓/ <b>Wie</b> ✓ [kry( in die lewe) swaar?]✓	2
6.7	(Die man behoort die rekening) <b>te</b> betaal.✓	1
6.8	[Die elektrisiteitsrekening <b>sal</b> ]✓ [(deur Mama kaMshana) <b>betaal word</b> .]✓	2
6.9	[Nee, die dame lyk <b>nie</b> ]✓ [vriendelik <b>nie</b> .]✓	2
6.10	Vandag <b>is</b> die laaste dag om die rekening te betaal.✓	1
6.11	[Mama kaMshana beskuldig <b>niemand</b> / <b>nie iemand</b> ]✓ [vir die hoë rekening <b>nie</b> .]✓	2
6.12	Die dame by die munisipaliteit <b>sal</b> die geld <b>neem</b> .✓	1
6.13	Moenie <b>elektrisiteit by die huis mors nie</b> ./ Moenie <b>by die huis elektrisiteit mors nie</b> . / Moenie <b>elektrisiteit mors by die huis nie</b> . ✓	1
6.14	[Mama kaMshana sê: “ <b>Ek is</b> baie kwaad .”] ✓ [“...”]✓ (Een punt vir <b>volledige sin</b> en een punt vir <b>albei aanhalingstekens</b> ). ✓	2
6.15	<b>A</b> /kwaad is oor die hoë elektrisiteitsrekening.✓ (Sin aangehaal met antwoord.)	1
6.16	<b>B</b> / Ag nee (Sin aangehaal met antwoord.)✓	1

[25]

**VRAAG 7: REDIGERING [Uit: Bona, Junie 2009]**

Foute hoef nie onderstreep te word nie.

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
7.1	(Thembsie was geskok toe Cell C) haar vir 'n oudisie ingeroep <u>het</u> .✓ / (Thembsie was geskok toe Cell C) haar <u>ingeroep het</u> vir 'n oudisie.✓	1
7.2	oor ✓	1
7.3	onmiddellik✓	1
7.4	harder✓	1
7.5	haar✓	1
7.6	te✓	1
7.7	wat✓	1
7.8	glo✓	1
7.9	herken✓	1
7.10	B / Thembsie sê dat jy gratis gedurende naweke kan praat.✓	1
7.11	vier en twintig✓	1
		<b>[11]</b>

**VRAAG 8 [DISCOVERY Winter, 2008 ]**

- KYK EN KOMMUNIKEER (Korrekte boodskap).**
- Penaliseer nie vir taal- en spelfoute nie.**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT
8.1.1	(Ek voel) baie bekommernis oor my gesondheid. /  (Ek voel) die afgelope tyd baie moeg en siek.  (Enige aanvaarbare sin wat <b>bekommernis</b> toon.)	1
8.1.2	(Ag Meneer,) jy het geen rede om bekommernis te wees nie. /  (Ag Meneer,) jy sal gou beter voel.  (Enige aanvaarbare sin wat <b>gerusstelling</b> oordra.)	1
8.2.1	(Hoera,) ek is so bly dat ek klaarmaak met skool! /  (Hoera,) die grootmenswêreld wag uiteindelik vir ons!  (Enige aanvaarbare sin wat <b>blydskap</b> uitdruk.)	1
8.2.2	(Ouens,) dankie vir alles wat julle vir my gedoen het. /  (Ouens,) dankie vir julle geselskap. /... ek sal julle sekerlik mis. / (Ouens,) ek is dankbaar om sulke maats te hê.  (Enige aanvaarbare sin wat <b>dankbaarheid</b> toon.)	1
8.2.3	(My skooljaar) was baie lekker / fantasties / wonderlik.  • My skooljaar is verby.( <b>Geen punt nie</b> )  (Enige aanvaarbare sin wat <b>genot</b> uitdruk)	1

[5]

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

### BLADSAK – Lucas Malan

#### VRAAG 9: *DIE ROOI PONDE* – Ina le Roux

- 9.1.1 B / Soutpansberg✓ (1)
- 9.1.2 C / pastoor✓ (1)
- 9.2 C / Hy het vir die hekwag gesê dat hy die goed van die voorvaders (vhadzimu) in die berg gaan haal.✓  
B/Hy was die leier wat die rooiponde in die hande wou kry.✓ (2)
- 9.3 Die goue ponde wat Paul Kruger (volgens oorlewering) laat begrawe het.✓ (1)
- 9.4 Daar is kort-kort oor die storie van die geld wat begrawe is, gepraat./Vir 'n hele ruk het die storie aangehou.✓ (Enige EEN) (1)
- 9.5.1 WAAR✓ (1)
- 9.5.2 Dit was so waardevol dat toe die neef hoor hoeveel 'n rooipond werd was, was hulle die ene vuur en vlam om die geld op te spoor./ Hulle was nog gretiger om die geld te kry.✓ (1)
- 9.6 A / 'n vuur wat nie gaan lê nie.✓ (1)
- 9.7.1 Sy ma se oupa (sy grootoupa / oupagrootjie).✓ (1)
- 9.7.2 Op die berg by Lupepe. / In 'n grot op die berg.✓ (1)
- 9.8 Hulle moes stadig eet ✓en tussenin praat.✓ (2)
- 9.9 Bettie en Flora se begeerte om die geld te kry, was sterker as hulle vrees. /  
Bettie en Flora soek die geld /Bettie en Flora wil graag die geld hê. ✓  
Die ander het kop uitgetrek.✓ (2)
- 9.10.1 Onwaar✓ (1)
- 9.10.2 Hulle kon nie verder soek nie, want hulle was te moeg en dors. / Daar was nijs in die bondels op hulle koppe nie, net die klere.✓ (1)
- 9.11 Flora✓ (1)
- 9.12 Dit is nie so maklik om gou ryk te word nie.✓  
Die natuur kan jou planne maklik laat skeefloop. ✓ (2)
- [20]

**VRAAG 10: STOKVEL OP 'n PLAAS - Justice L Makete**

- 10.1.1 B / Sipho Dlamini✓ (1)
- 10.1.2 E / Lekkerbek✓ (1)
- 10.1.3 A / Baba Dlamini✓ (1)
- 10.1.4 C / Okapi✓ (1)
- 10.1.5 D / Antie Lena✓ (1)
- 10.2 Mampoer / sorghumbier / gemmerbier✓✓ (Enige TWEE) (2)
- 10.3 Ma Dlamini✓ (1)
- 10.4 Dat die sorghumbier lekker smaak / reg is / genoeg gebrou (gegis) het.✓ (1)
- 10.5 Hulle was bendes./ Hulle was mense wat rook en drink en dan baklei hulle / daggarokers / tsotsi's / malaitas .✓ (1)
- 10.6.1 WAAR✓ (1)
- 10.6.2 Hulle het begin baklei / met messe gesteek. / Hulle was dronk. / Hulle het moeilikheid gemaak.✓ (1)
- 10.7.1 ONWAAR✓ (1)
- 10.7.2 Lede geniet die kos en drank gratis by die stokvel, maar nie-lede betaal vir die kos en die drank. ✓ (1)
- 10.8 Dit is 'n soort klub waaraan mense behoort om geld bymekaar te maak om klublede te help. Hulle kom teen die einde van elke maand by 'n ander huis bymekaar. Die persoon wie se beurt dit is, kry dié maand die geld wat ingesamel is.✓✓ (Enige EEN) (2)
- 10.9 Dit help gesinne om geld te spaar. / Die geld hou gesinne vir die res van die maand aan die gang. / Dit help dat kinders hulle skoolloopbane voltooi. / Dit help met skoalgeld/kos. ✓✓✓ (Enige DRIE) (3)
- 10.10 (Dit speel af) op 'n plaas / Lekkerbek.✓ (1)

**TOTAAL AFDELING D:**  
**GROOTTOTAAL:** **20**  
**[20]** **120**